
stut. Oorblyfsels van die gebrande riet is wel in posisie gevind. Die hutte was waarskynlik koepelvormig met 'n lae ingang as enigste opening na buite. Die plan is ovaalvormig met gemiddelde afmetings ongeveer 3,8 m van kant tot kant en 4,0 m van voor na agter.

Plat klippe met skuurmerke daarop is by die ingang van die hut blootgelê wat die basis gevorm het van 'n skuifdeur waarmee die ingang toegemaak kon word. Die voorkant is verder herkenbaar aan een of meer klippe wat 'n drumpel gevorm het. Op een na front al die hutte in 'n min of meer oostelike rigting.

Te oordeel aan die konsentrasies gebakte klei met afdrukke van riet en gras daarin, is die hutte deur brand vernietig. Hierdie ramp het waarskynlik ook die einde van die bewoningsfase beteken en kan moontlik aan die Uitdelgingsoorloë (*Difaqane*) gedurende 1822-30 gekoppel word.

Dit is duidelik dat die metode waarop die hutte gebou is min of meer dieselfde was. Dit wil ook voorkom asof die hutte uit dieselfde tydperk dateer, en dat die doel waarvoor dit gebruik is ooreenstem. Aangesien verwysings na soortgelyke hutte in die vroeë beskrywings van sendelinge en reisigers voorkom, is dit moontlik dat koepelvormige hutte van riet en klei op 'n besondere tydstip algemeen op die terrein in gebruik was en moontlik ook meer verspreid op ander terreine met klipbouwerk in die Vrystaat voorgekom het.

'n Menigte los stukkies muur, konsentrasies potskerwe, stukkende maalklippe en ander onverklaarbare verskynsels wat oënskynlik deel van iets was, maar waarvan die funksie en verband nou nie meer duidelik is nie, dui daarop dat hier 'n baie groter bedrywigheid was as wat tans rekonstrueerbaar is.



In die Franse Sendingjoernaal van 1846 verskyn hierdie deursnee van 'n Sothohut. Hier is verskeie eienskappe te sien wat ook uit die opgrawing duidelik was.

# ACHILLES

Achilles is op 19 Desember 1923 in die distrik Jelsum naby Leeuwarden in Friesland gebore uit die "huwelik" van Setske en Siebel. In Maart 1926 arriveer hy in Kaapstad en is hy in Mei per trein na Glen waar daar met sy aankoms streng beheer oor die groot getal besoekers uitgeoefen moes word. Die jaar 1927 — sy tweede jaar op Suid-Afrikaanse bodem — was 'n besonder goeie jaar vir Achilles daar hy nie minder as nege toekennings (twee hiervan was goue medaljes) ontvang het en na hom as "beroemd" verwys is. Hierna volg 'n hele rits prestasies en het mense van heinde en ver gekom om hom te bewonder.

Toe het daar 'n ding gebeur wat 'n swart wolk oor die toneel sou trek en die hele verloop van sy lewe verder sou beinvloed. Archilles het sy oppasser Nikodemus Sedio op die oggend van 31 Desember doodgemaak.

Alhoewel Achilles nog oor die volgende jare baie goed presteer het, het hy mettertyd begin verswak en uiteindelik op 28 Desember 1935 aan 'n natuurlike dood gesterwe. In sy leeftyd het hy vader van minstens 132 nasate geword.

Die berig wat oor hom in die Friesland Joernaal van Mei 1936 verskyn het, kan as 'n gepaste doodsberig vir so 'n veelbesproke bul beskou word. Menige mens sou heimlik tevrede gevoel het as hy kon weet dat daar van homself 'n doodsberig van meer as 300 woorde geskrywe gaan word. Die berig meld onder andere: *"He will go down in history as the first registered bull whose skeleton is to be preserved in a museum in South Africa, as his has been presented to the National Museum in Bloemfontein ..."*

Teen Januarie 1937 was sy beendere op 'n lae voetstuk van hout vasgebout en op 'n prominente plek in die Museum in posisie geplaas waar dit vir 34 jaar lank, tot die einde van 1970, uitgestal was. Met die navorsing oor Achilles gedurende 1984 was dit dus onvermydelik dat daar na die beendere gesoek sou moes word. 'n Vlugtige besoek deur museumpersoneel aan die bewaarstore van die Museum het niks opgelewer nie. Die feit dat daar in die oudste inventarisse van die Museum geen inskrywings onder die naam Achilles op te spoor was nie, het die situasie net vererger. Dit was asof die spoor van die beroemde Achilles net in die niet verdwyn het ...

Die nuwe jaar met sy wyer vergesigte het vir my die hoop weer laat opvlam. 'n Soogdierkundige by die Museum het aangebied om ook by die soektog na die beendere betrokke te raak. Uiteindelik is op 'n knewel van 'n beeskopbeen in die agterste uithoek van die een stoor afgekom!



*Die Friesbul, Achilles*

*(Foto J R van Zyl, Glen Kollege)*

Die nommer, A1060 wat destyds netjies op die skedel aangebring was, het ooreengestem met 'n katalogusinskrywing:

"Nommer: 1060. Naam: *Bos taurus domesticus.* Hoe verkry: Geskenk deur Glen Landboukollege. Wanneer: Januarie 1937. Opmerkings: Skelet gemonteer (A.C. Hoffman)." Daar kon dus afgelei word dat dit die skedel van Achilles is.

Die Direkteur van die Museum het goedgunstelik ingewillig dat ek alle dele van Achilles se beendere terug in die besit van die Kollege mag neem.

Achilles was uiteindelik terug op Glen — ná 49 jaar. Hy kon uit die vergetelheid teruggeroep word omdat sy spore nog op Glen sigbaar was en omdat mense herinneringe in hulle omdra. Vir Phafi Sedio, dogter van Nikodemus, was die blote gedagte aan die bul pynlik. By haar sou Achilles, die vernietigende monster, geen verering uitlok nie. Vandag is die herinneringe van die oorblywende personeel dié van 'n bul wat 'n man doodgemaak het. Van sy roemryke jare het niks onthoue gebly nie. Achilles se swak plek in sy mondering het aan hom 'n oneervolle identiteit besorg, 'n brandmerk wat aan sy naam en sy nagedagtenis sou bly kleef. Soos vir die held Achilles uit die mitologie, het dit sy ondergang beteken. Die bul se onbeteuelbaarheid was sy Achilleshiel ... selfs nog meer as sy regop hakke.

En hoe het die onbeteuelbare held Achilles geval ...? "Die verergde god Apollo het 'n donker wolk beveel om hom te omhul, en vanuit die wolk met sy pyl die kwesbare hiel van Achilles getref. Dit was Paris wat daarop die verwonde held die doodslag toegedien het, en soos 'n toring waarvan die fondament weggekalwe is, het Achilles ter aarde neergestort..."

Hierdie artikel is 'n uittreksel uit "Achilles: die verhaal van 'n Friesbul", Mimeograaf: 1-31, deur mnr. J.R. van Zyl, dosent aan die Landboukollege Glen, Glen.